

LL

Saak No 487/1987IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKAAPPÈLAFDELING

Insake die appèl van,

PETER GEORGE GUROVICH

Appellant

en

STANDARD GENERAL VERSEKERINGSMAATSKAPPYBEPERK

Respondent

CORAM:VAN HEERDEN, HEFER et VIVIER ARRVERHOORDATUM:

8 NOVEMBER 1988

LEWERINGSDATUM:

17 NOVEMBER 1988

---

UITSPRAAK

---

VAN HEERDEN AR:

Vroegaand van 16 September 1983 het die appellant sy motorfiets op 'n teerpad tussen Pretoria en Brits bestuur. Hy het weswaarts gery. Terselfdertyd was 'n Mazda voertuig bestuur deur mev Erwee ("die bestuurderes") vanuit die weste in aantog. Kort nadat die appellant 'n draai van die pad in 'n noordwestelike rigting begin volg het, het die motorfiets en die Mazda met mekaar gebots. Ten gevolge daarvan het die appellant ernstige liggaamlike beserings opgedoen.

Voortspruitende uit hierdie gebeure het die appellant in die Transvaalse Provinsiale Afdeling 'n aksie vir skadevergoeding ingestel teen die respondent, die bevoegde versekeraar van die Mazda ingevolge die bepalinge van Wet 56 van 1972. Die partye het later by ooreenkoms die omvang van die appellant se skade bepaal, en by die aanvang van die verhoor was daar slegs twee geskilpunte. Hulle was of die botsing

veroorzaak is deur nalatigheid van die bestuurderes en, indien wel, of die appellant bydraend nalatig was.

Nadat getuienis gelei is, was die hof a quo egter geroepe om slegs een vraag te besleg, naamlik, of die botsing op die suidekant (d i die appellant se korrekte kant) dan wel op die noordekant van die pad plaasgevind het. Die hof het bevind dat die appellant nie bewys het dat die botsingspunt aan die suidekant was nie en het gevolglik absolusie van die instansie met koste beveel. Verlof is egter aan die appellant verleen om na hierdie hof te appelleer. Daaroor later meer.

Die appellant se getuienis kan soos volg saamgevat word. Oor 'n aansienlike afstand voor die betrokke draai ry hy teen 'n spoed van 100-120 kilometer per uur. Dit is reeds donker en sy hooflig is aan. So 'n 10-15 meter voor hom ry sy vriend, Coetzee, op 'n tweede motorfiets. Beide hy en Coetzee ry ongeveer 1,2 meter links (d w s suid) van die wit middellyn van

die pad. Hy handhaaf dieselfde afstand vanaf die middellyn toe hy die draai ingaan en gewaar word van die ligte van h aankomende voertuig. Hy sien hoe Coetzee verby dié voertuig (die Mazda) ry en h gedeelte van h sekonde later vind die botsing plaas.

Die appellant sê hy is oortuig dat sy motorfiets nie na noord oor die middellyn beweeg het nie. Aan die ander kant het hy nooit opgemerk dat die Mazda suidwaarts oor daardie lyn gery het nie. Trouens, sê hy, sy laaste indruk van die baan van die Mazda was dat daardie voertuig aan die noordekant van die middellyn was. Dit blyk ten beste uit die volgende uittreksel uit sy genotuleerde getuienis:

"And you were convinced that the car, as you saw it, was on its correct side of the road? -- Correct.

And you have no doubt about that? -- No doubt.

And you never had any doubt about that? -- No.

And even now you do not have any doubt about that? -- No."

At no stage did you see that car coming across the white line to its incorrect side? -- No."

By wyse van afleiding het die appellant probeer verduidelik hoe die botsing op die suidekant van die pad kon plaasgevind het. Hy postuleer naamlik dat net nadat die Mazda by Coetzee verby is, en onmiddellik voor die botsing, die regterkant daarvan oor die middellyn beweeg het.

Coetzee getuig ook dat hy ongeveer 10-15 meter voor die appellant gery het. Hy het in die middel van die suidelike baan van die pad gery met die appellant reg agter hom "in sy spoor". Toe hy die draai ingaan, het hy bewus geword van die aankoms van die Mazda. Hierdie voertuig was op sy korrekte kant van die pad en het "heeltemal normaal" aangekom. Toe hy by die Mazda verby is, was dit nie 'n kwessie dat hul mekaar rakelings gemis het nie. Hy was dan ook

geensins bekommerd dat die Mazda en die appellant sou bots nie. Hy het nie die botsing waargeneem nie maar het kort daarna agtergekom dat die appellant hom nie meer gevolg het nie. Hy het toe teruggedraai na die plek waar die botsing plaasgevind het.

Die bestuurderes ontken dat Coetzee pas voor die botsing by die Mazda verby is. Sy het wel verby 'n ander motorfiets - vermoedelik Coetzee se - gery maar dit het ongeveer 'n kilometer wes van die betrokke draai geskied. Sy getuig voorts dat sy teen 'n spoed van om en by 80 kilometer per uur gery het en dat sy toe skielik gewaar geword het van die lig van 'n aankomende rytuig. Die Mazda was op haar korrekte kant van die pad en die aankomende lig was feitlik reg voor haar. Sy voel toe net dat iets die Mazda "slaan". Daarna het die Mazda getol. Haar indruk was dat die linker voorwiel van die teer af gery het want sy het gevoel "die kar maak snaaks". Nadat die Mazda tot stilstand

gekom het, het sy by die linker voordeur uitgeklim en toe het sy met haar hande en knieë op die grond (vermoedelik die gruissskouer van die pad) te lande gekom.

Haar eggenoot, Erwee, was n passasier in die voertuig. Hy staaf die bestuurderes dat sy op haar korrekte kant van die pad was toe die aankomende lig op die Mazda afgepyl het. Die verhoorhof het egter bevind dat hoewel Erwee n eerlike getuie was, hy "vol twyfel oor alles" was. Soos dit my voorkom, het die hof daarom nie op sy getuienis peil getrek nie. Derhalwe laat ek dit ook buite rekening.

Sersant Prinsloo het na die botsing op die toneel opgedaag. Op grond van sy waarnemings en afmetings wat hy gemaak het, het hy later n plan opgestel. Die botsingspunt, soos op die plan aangetoon, is op die noordelike baan van die pad. Volgens Prinsloo is hierdie punt deur Erwee aan hom

uitgewys. Hy het egter self waargeneem dat daar op die betrokke plek glasstukke, oliekolle en skuurmerke was. In die suidelike baan was daar geen reële aanduidings dat 'n botsing aldaar plaasgevind het nie.

Prinsloo het die Mazda op die gruisshouer aan die noordekant van die pad aangetref. Die neus daarvan het weswaarts gewys. Hy het dus op sy plan aangetoon dat dit die posisie was waarin die Mazda na die botsing tot stilstand gekom het. Dit blyk egter uit die getuienis van persone wat kort na die botsing op die toneel was dat die Mazda met sy neus ooswaarts op die geteerde noordelike baan gestaan het. Coetzee verduidelik dat die Mazda later, maar klaarblyklik voor Prinsloo se aankoms, met 'n hoog weggestoot is sodat dit met die neus weswaarts op die skouer van die pad tot stilstand gekom het. Coetzee betwis ook dat die botsing plaasgevind het op die plek wat deur Prinsloo as die botsingspunt aangedui is.

Daar was wel oliekolle en merke op die noordelike baan, sê hy, maar dié was onder die voorkant van die Mazda waar dit net na die botsing gestaan het.

Foto's van die Mazda en die appellant se motorfiets dui aan dat die voorkant van laasgenoemde waarskynlik die Mazda se voorkant in die omgewing van die regter hooflamp getref het. Daaruit kan egter nie afgelei word of die motorfiets die Mazda reg van voor dan wel met 'n hoek getref het nie. Die foto's is ook nie van enige hulp by beantwoording van die vraag of die botsing op die suidelike dan wel die noordelike baan plaasgevind het nie.

Met uitsondering van Erwee het die verhoorhof nie spesifieke geloofwaardigheidsbevindinge aangaande die getuies gemaak nie. Absolusie is egter beveel omdat dit as onwaarskynlik beskou is dat in die breukdeel van 'n sekonde vandat Coetzee by die Mazda verby is totdat die botsing plaasgevind het, die

voertuig oor die middellyn beweeg het maar tog na die botsing op die noordelike baan tot stilstand gekom het.

Die appellant se advokaat het in 'n aantal opsigte die bestuurderes se getuienis gekritiseer. Hy het aangevoer dat haar getuienis nie betroubaar is nie en dat geen waarde geheg kan word nie aan haar ontkenning dat die Mazda ten tyde van die botsing aan haar verkeerde kant van die pad was. Hy het veral gesteun op haar weergawe dat sy nie die lig van die aankomende motorfiets gesien het voordat dit vlak voor die Mazda was nie. Ek vind dit onnodig om hierdie betoog te ontleed en veronderstel ten gunste van die appellant dat bogenoemde ontkenning buite rekening gelaat moet word. Dit is egter nodig om te meld dat, afgesien van antwoorde wat sy verstrek het aangaande die vraag of sy die Mazda na links laat swenk het, en waarop ek hieronder terugkom, daar niks in die bestuurderes se getuienis is nie wat kan lei tot 'n positiewe bevinding dat die botsing op die suidelike

baan plaasgevind het.

Soos reeds genoem, het die appellant die afleiding gemaak dat die Mazda net nadat dit by Coetzee verby is oor die middellyn beweeg het. Sy advokaat moes toegee dat hierdie afleiding nie deur die getuienis gefundeer word nie. 'n Deskundige, wat deur die appellant as getuie geroep is, het naamlik getuig dat inaggenome die massas van die rytuie en die spoed waarteen elk beweeg het, die Mazda na die botsing nagenoeg in dieselfde rigting as net voorheen sou bly voortbeweeg het. Indien die Mazda onmiddellik voor die botsing vanaf die noordelike baan in 'n suidoostelike rigting oor die middellyn beweeg het, sou dit dus na die botsing geheel of gedeeltelik op die suidelike baan tot stilstand gekom het. Dit was egter by die verhoor gemene saak dat in sy stilstaande posisie na die botsing al vier wiele van die Mazda noord van die middellyn was.

Die appellant se advokaat was derhalwe genoop om met 'n teorie vorendag te kom waarvoor daar nie direkte steun in die getuienis is nie. Daarvolgens het die Mazda eers oor die middellyn beweeg. Toe die bestuurderes bewus word van die lig van die aankomende motorfiets van die appellant het sy na links geswenk. Die botsing het egter plaasgevind alvorens die Mazda weer ten volle op haar korrekte kant van die pad was. Na die botsing het die Mazda nog steeds in 'n noordoostelike rigting bly beweeg en dit verklaar waarom dit op die noordelike baan van die pad tot stilstand gekom het.

Dit is betoog dat gedeeltelike steun vir hierdie teorie te vind is in die bestuurderes se getuienis dat sy kort voor die botsing die Mazda se stuurwiel na links gepluk het. Die voertuig moes dus, so is aangevoer, ten tyde van die botsing min of meer noordoos beweeg het. Indien die Mazda toe op

die noordelike baan was, sou dit gevolglik daarna geheel of gedeeltelik noord van daardie baan tot stilstand gekom het. Inderdaad het die Mazda egter ongeveer in die middel van die noordelike baan - wat 3,15 meter breed is - gestop. Dit bewys, is ten slotte betoog, dat die Mazda - of die regterkant daarvan - suid van die middellyn was voordat die bestuurderes dit na links laat swenk het.

In eerste instansie dien opgemerk te word dat die teorie gegrond is op 'n selektiewe aanname van 'n stukkie getuienis van die bestuurderes. Aan die een kant is aangevoer dat haar getuienis onbetroubaar is, en aan die ander kant dat 'n deel daarvan, wat deur geen ander getuienis gestaaf word nie, aanvaar moet word. Tweedens is dit vir my glad nie duidelik dat die bestuurderes volgens haar weergawe wel daarin geslaag het om kort voor die botsing die Mazda van koers te laat verander nie. Haar getuienis in hierdie verband

is alles behalwe helder. Op 'n stadium sê sy weliswaar dat sy definitief die voertuig na links laat draai het, maar ander passasies in haar getuienis skep die indruk dat sy 'n afleiding maak uit die feit, volgens haar, dat die linker voorwiel van die Mazda van die teer af was toe dit tot stilstand gekom het. 'n Mens weet egter dat dit nie die geval was nie.

Dit is bowendien hoogs twyfelagtig of die bestuurderes op haar weergawe voldoende geleentheid gehad het om die Mazda van koers te laat verander. Sy het die aankomende lig van die appellant se motorfiets opgemerk toe dit ongeveer 10 meter vanaf die Mazda was. Vanaf daardie tydstop tot dat die rytuie gebots het, sou volgens die deskundige getuienis slegs .18 van 'n sekonde verloop het en dit is dus haas onmoontlik dat die bestuurderes in hierdie kort tydsbestek uitvoering sou kon gee aan 'n voorneme om die Mazda na links te laat swenk.

h Verdere oorweging kom ter sprake. Indien die Mazda wel ten tyde van die botsing in h noordoostelike rigting beweeg het, sou dit skaars nagenoeg parallel met die middellyn van die pad gestop het. Coetzee getuig egter dat na die botsing die Mazda "met die neus effens links geswaai" gestaan het, terwyl h ander getuie, ene mev Coetzee, sê dat dit "in die middel van" die noordelike baan was. In hierdie verband dien gemeld te word dat indien die motorfiets die Mazda skuins getref het - d w s, vanuit h suidoostelike rigting - die voertuig volgens die deskundige getuie wel ietwat links gedeflekteer sou gewees het.

Die grootste struikelblok in die weg van bogenoemde teorie is egter die getuienis van die appellant en Coetzee. Soos hierbo geblyk het, getuig beide dat die twee motorfietse kort voor die botsing 10-15 meter van mekaar af was. Die appellant se

advokaat het tereg toegegee dat indien dit die geval was die botsing nie op die geteoretiseerde wyse kon plaasgevind het nie. Hy het egter betoog dat die appellant nie aan sy skatting van bedoelde afstand gebonde gehou moet word nie. My eerste probleem betreffende hierdie betoog is dat dit nie gaan om 'n blote skatting wat ex post facto van 'n posisie op 'n kritieke oomblik gemaak is nie. Beide getuies sê naamlik dat daar oor 'n geruime afstand voor die botsingspunt konsekwent 'n gaping van 10-15 meter tussen die twee motorfietse was. Maar al word aanvaar dat die gaping soveel as 50 meter was - wat volgens die appellant se advokaat die maksimum afstand tussen die motorfietse was - is dit vir my steeds onwaarskynlik dat die botsing op die aangevoerde wyse kon plaasgevind het. In hierdie veronderstelling sou ,9 van 'n sekonde verloop het vandat die Mazda by Coetzee verby is totdat dit die botsingspunt bereik het. In minder as 'n sekonde sou die Mazda oor die middellyn moes

beweeg het, die bestuurderes moes beseef dat dit gebeur het, en sy moes gereageer het deur die voertuig na links te laat swenk voordat die rytuie gebots het. Selfs indien h blitssnelle reaksievermoë aan haar toegeskryf word, is dit na my mening onaanvaarbaar dat dit alles binne h sekonde kon geskied het.

h Verdere probleem is dit: Indien die Mazda wel soos voornoemd sou beweeg het, sou h mens verwag het dat die appellant bewus moes gewees het dat dit oor die middellyn gery het nadat dit by Coetzee verby is. Voordat die Mazda geswenk het, moes dit immers nader aan die suidelike rand van die pad gewees het as ten tyde van die botsing. Op h stadium kort voor die botsing sou die regter voorkant van die Mazda dus verder suid van die middellyn gewees het as wat die appellant se motorfiets was. Daaruit volg dat die regter voorlig van die voertuig links (suid) van die baan van die motorfiets moes gewees het. Daar is

geen rede aan die hand gedoen waarom die appellant dit nie sou opgemerk het nie. Tog getuig hy dat hy op geen stadium bewus was dat die Mazda die middellyn oorgesteek het nie. Trouens, sy laaste gewaarwording voor die botsing was dat die Mazda aan sy korrekte kant van die pad was.

Samevattend is die posisie soos volg: Daar is geen direkte getuienis dat die Mazda nadat dit by Coetzee verby is tot op die suidelike baan beweeg het nie. Inteendeel spreek die appellant se getuienis teen so 'n moontlikheid. Hierbenewens is daar geen reële getuienis wat daarop dui dat die botsingspunt op die genoemde baan was nie. Die glasstukke en merke waaroor Prinsloo getuig, is trouens op die noordelike baan gevind. Ten slotte is dit heel onwaarskynlik dat in die kort tydsbestek vandat die Mazda by Coetzee verby is totdat dit met die appellant se motorfiets gebots het die voertuig eers oor die middellyn beweeg

het en daarna weer begin teruggeswenk het. Gevolglik is daar geen fout te vind met die bevinding waartoe die verhoorhof gekom het nie.

Ten slotte is enkele opmerkings aangewese oor die uitspraak van die hof a quo ten opsigte van die aansoek om verlof om te appelleer. Daarvolgens is verlof tot appèl na hierdie hof toegestaan maar is glad nie oorweeg of die appèl nie deur 'n volle hof van die Transvaalse Provinsiale Afdeling aangehoor moes word nie. Dit kom dus voor dat die verhoorhof nie aandagtig aan die bepalings van art 20 (2) (a) van Wet 59 van 1959 was nie. Daardie hof moes nie enige regsvraag oorweeg nie, en ook nie ingewikkelde feitlike geskille ontrafel nie. Gevolglik was dit 'n duidelike geval waarin die appèl nie die aandag van hierdie hof geverg het nie.

Die appèl word met koste afgewys.

H.J.O. VAN HEERDEN AR

HEFER AR

STEM SAAM

VIVIER AR